# Wag op die Here! 31

31. **Slegs wag**

*Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek. Net Hy is my rots en my redding.*
*Psalm 62:6-7*

Dit kan gebeur dat jy voortdurend op God wag, maar dat ander sake tussenbeide kom en keer dat jy die volle seën ontvang. Daarom moet jy mooi let op wat die psalm sê: *Net by God vind ek rus … Net Hy is my rots en my redding*. Net God.

Daar is net een God, en net een bron van lewe en geluk vir die hart. Ongelukkig is daar min mense wat jou hiermee kan help. Talle sal sê jy moet jou vertroue in die kerk en die kerkleer plaas, en in menslike planne. Maar: *Net by God vind ek rus.* Want selfs die mees heilige dinge kan 'n vangstrik word. Die koperslang word 'n afgod; die verbondsark en die tempel die voorwerpe van vals vertroue. Laat daarom die lewende God alleen jou hoop wees. Laat niks jou verlei nie; selfs nie eers godsdienstige gedagtes en oefeninge nie; hulle verdring dikwels die wag op God.

Oppas vir twee groot vyande: die wêreld, en die self. Aardse plesier of vervulling, hoe onskuldig dit ook mag lyk, mag jou nie keer nie om te sê: *Laat my ingaan na … die God oor wie ek wil jubel en juig* (Psalm 43:4). Onthou wat Jesus gesê het oor selfverloëning: *As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën* (Markus 8:34).

Wat ook al jou geestelike of fisieke behoefte is, wat ook al die begeerte of gebed van jou hart mag wees, onthou: *Net by God vind ek rus.* Vestig jou hoop op Hom alleen. Net Hy is jou rots.


Onthou altyd die twee grondwaarhede waarop hierdie geseënde wag rus: jou eie algehele hulpeloosheid, en God se absolute genoegsaamheid. Werp jou op Hom, dat Hy jou alles kan wees.

*Net by God vind ek rus.* Die rykdom van die heerlikheid van die geheimenis van die Vader en die Seun is onbegryplik groot. Ons

God, in die oneindige teerheid en almag van sy liefde, wag om jou lewe en vreugde te wees.

*U is die God wat my red; op U wag ek die hele dag* (Psalm 25:5, AFR20). *Wag op die HERE!*

---



# Wag op die Here! 30

30. **Wag voortdurend**

> *Maar jy, na jou God moet jy terugkeer. Lê jou toe op troue liefde en wat reg is, en wag altyddeur op jou God.*
> *Hosea 12:7 (AFR20)*

Ononderbroke en voortdurende toewyding is noodsaaklik vir ’n gesonde Christelike lewe. Wag op God is die kern van ware godsdiens. Daarom moet jy voortdurend leef in ’n gees van algehele afhanklikheid. Die opdrag van God: *Wag altyddeur op jou God,* moet aanvaar en gehoorsaam word.


Hierdie voortdurende wag is inderdaad noodsaaklik. Mense wat tevrede is met ’n flou Christelike lewe mag dink dat dit ’n onnodige luukse is om op God te wag as jy ’n goeie Christen wil wees. Daar kan egter nie sprake wees van ononderbroke gemeenskap met God, of van volledig in Christus bly, en voortgaande oorwinning oor sonde en diensbaarheid, as jy nie voortdurend op God wag nie.

Voortdurende wag is moontlik. Baie mense dink jy kan nie, want die lewe eis te veel, hulle kan nie die hele tyd daaraan dink nie. Wat hulle nie besef nie, is dat dit ’n saak van die hart is, en die hart kan aanhou, selfs wanneer jou gedagtes elders besig is.

Wag op God is ’n belofte: Hy wat in jou werk, waarborg jou vordering. Self al voel dit vir jou jy kom nie reg daarmee nie, bly God deur sy Gees voortgaan. Hy stel jou in staat om voortdurend te wag. As jy voortdurend wag, sal God voortdurend werk. Hy doen dit inderdaad, maar ’n gees van ongeloof kan verhoed dat jy dit beleef. Sy Gees wat jou leer om te wag, sal jou ook daar bring waar jy beleef hoe sy werk nooit ophou nie.

Moet God dan nie beperk deur jou idees van wat verwag kan word nie. Vestig jou oë op hierdie een waarheid: God kan nie anders nie; dis in sy aard om in sy kind te werk. Moenie net dink: solank jy bly wag, sal God bly werk nie. Nee, plaas God eerste en sê: “God bly werk, daarom sal ek elke oomblik, voortdurend, op Hom wag.” Laat dié besef só deel van jou word dat jou wag op God vanself kom. Dit bring vertroue en blydskap. *Wag op die HERE!*

---



# Wag op die Here! 29

29. *Wag op die belofte van die Vader*

> *Moenie uit Jerusalem weggaan nie, maar bly wag op die Vader se belofte …*
> *Handelinge 1:4 (AFR20)*

Die vervulling van die Vader se belofte kan nie weer gebeur soos dit op Pinksterdag was nie. Tog het ons nodig om daagliks op die Vader te wag om sy belofte ook in ons te vervul, soos Hy dit vir die eerste dissipels gedoen het.

Die Heilige Gees staan nie los van die Vader nie. Die Vader is altyd in die Gees, en die Gees werk slegs dit wat die Vader deur Hom doen. Dieselfde Gees wat in ons woon, is in die Vader ook. Hoe meer die Gees jou vul, hoe meer sal jy op God wag om sy belofte waar te maak. Die Gees is nie 'n onafhanklike krag wat tot ons beskikking is nie. Die Gees is die ware, lewende teenwoordigheid en krag van die Vader wat in ons werk.


Wanneer God genade of krag of lewe gee, skenk Hy dit deur Homself te gee om dit te bewerk. Dit is alles onlosmaaklik van Hom, en nog meer so van die Heilige Gees. Hy is God in ons. Hy is God aan die werk in ons. Ons kan op Hom staatmaak om dit al meer te doen namate ons Hom loof en wag op die vervulling van die Vader se belofte.

Soos die dissipels van ouds voor God se troon gewag het vir krag om staande te bly en om vir Christus se vyande te preek, so het ons ook daardie krag nodig. Jy kan net sterk staan in

God se werk of in die liefde as jy in direkte verbinding met God en Christus is, met die lewe van die Gees in jou. Dan sal die almagtige God deur die verheerlikte Christus kragtig in ons werk, wat onverwagse en onmoontlike dinge kan laat gebeur. O, as elkeen in die kerk tog só op God wag!

Kom dan, laat elkeen van ons stil wees voor die ondenkbare grootsheid van hierdie vooruitsig – die Vader wag om die kerk met die Heilige Gees te vul. Laat elkeen van ons sê: "Hy wil my vervul." Wag dan in stilte en met 'n heilige ontsag om dit alles te ontvang. Dan sal die lewe 'n diepe vreugde word in die hoop op die vervulling van die Vader se belofte. *Wag op die HERE!*

---




- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Preke
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Potgooi van preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Bekendstellingsvideo

# Wag op die Here! 28

28. **Wag op die koms van sy Seun**

> *Die mense vertel self hoe julle … julle van die afgode tot God bekeer het en nou die lewende en ware God dien en dat julle sy Seun … uit die hemel verwag.*
> *1 Tessalonisense 1:9-10*

Die wag op Christus se wederkoms vul jou wag op God met hoop en blydskap. Die Vader wat sy Seun op sy eie tyd uit die hemel sal stuur, is die God wat jou voorberei vir die openbaring van sy Seun terwyl jy wag. Jy kan nie die teenwoordige tyd en die komende heerlikheid van mekaar skei nie, want beide is in God geanker.

Die versoeking om die twee te skei, is daar. Dis altyd makliker om met die godsdiens van die verlede of van die toekoms besig te wees as om vandag in jou godsdiens getrou te wees; om meer geïnteresseerd te wees in die dinge wat kom as in die Een wat kom. Oppas dat jy nie die intellektuele studie oor dit wat gaan kom, verwar met ware liefde vir Hom en sy koms nie.


As jy sê jy wag op Christus se wederkoms, maak seker dat jy

vandag op God wag. Die hoop op Jesus se heerlike verskyning sal jou versterk terwyl jy wag op wat Hy nou in jou sal doen.

Op daardie wonderlike dag sal Jesus hulle wat aan Hom behoort, ontvang en aan sy Vader voorstel. Ons sal Hom ontmoet en aanbid; ons sal mekaar ontmoet in die ekstase van sy liefde vir ons. Laat ons daarom wag en verlang na ons hemelse Bruidegom met innige liefde vir Hom en vir mekaar. Dít is die egte bruidshouding. Die twee gaan hand aan hand. Om op sy koms te wag vra dat ons in nederigheid en liefde vasklou aan ons Here, en aan sy mense.

Wag op die wederkoms hou baie meer in as om te wag op iets wat moet gebeur. Dit vra dat jy nou op God wag, soos Jesus gedurig op sy Vader gewag het en niks op sy eie gedoen het nie. Net God kan jou die diep geestelike lewe gee van een wat op sy Seun wag. Wag dat Hy toenemend sy Seun in jou sal laat verskyn. Dít is die ware voorbereiding op die volle openbaring van Christus. Dit is God se geskenk aan hulle wat op Hom wag. *Wag op die HERE!*

---



# Wag op die Here! 27

27. **Wag op verlossing**


> *Simeon … was getrou aan die wet en vroom, en het uitgesien na die verlossing van Israel. Die Heilige Gees was op Simeon … 'n profetes, Anna, … (het) oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing … uitgesien het.*
> *Lukas 2:25,36,38*

Dis mos wat 'n wagtende gelowige is: *Getrou aan die wet, vroom*, iemand wat *uitsien na die verlossing en op wie die Heilige Gees* is. Daarom was Simeon en Anna gereed vir God se groot guns. Hulle het op God gewag, en uitgesien na sy beloofde verlossing.
Intussen hét God se verlossing gekom en is ons wag anders as van ouds. Christus het immers belowe: *Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle*

(Johannes 14:20). Ons wag op God met die wete dat ons aanvaar is in Christus, dat die liefde wat die Vader vir Christus het ook op ons rus. Dié sekerheid werk die Gees in ons. Ons het nou toegang tot die Vader; ons wag nie tevergeefs nie. En hoewel die verlossing reeds gekom het, wag ons steeds, maar nou wag ons dat dit in ons openbaar sal word. Christus het nie net gesê: *Julle moet in My bly* nie; Hy het bygevoeg: *en Ek in julle* (Johannes 15:4). Dit is waarop jy moet wag: dat Christus in jou sal leef; dat God jou sal vorm om al meer soos Christus te word en te dink.

Ons wag verskil van destyds, maar tog ook nie: ons wag steeds op God, op Hom alleen is ons hoop. En soos Simeon en Anna kan ons niks anders doen nie as net wag. Dis nie asof God die groot verlossing in Christus uitgewerk het, en ons dit nou moet toepas nie. Die openbaring van Christus in jou lewe, hoe langer hoe meer, is net soseer die werk van die almagtige God as die geboorte en opstanding van Christus. Dit is volledig God se werk, en jy moet dit goed begryp om die volle seën daarvan te kan ontvang. Die wete dat jy geheel hulpeloos is, en die vertroue dat God dit alles kan en wil doen, moet jou wag kenmerk, net soos dit deel van hulle wag was. En soos Hy aan hulle getrou was, sal Hy sy heil in jou ook uitwerk. *Wag op die HERE!*

---




- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Preke
    - Gebede
    - Soos ek dit sien

# Wag op die Here! 26

26. **Wag in heilige verwagting**

> *Maar ek sal vertrou op die Here, ek sal wag vir die God wat my red. My God sal my gebed verhoor.*
> *Miga 7:7*

In 'n preek oor hierdie teksvers het ek die volgende verhaaltjie gelees: Daar was 'n koning wat 'n stad vir sy armste burgers ingerig het. Daar naby was sy stoorkamers, waar die armes alles kon kry wat hulle gevra het. Die enigste voorwaarde was dat hulle moes wag vir die antwoord, sodat hulle gereed is as die aflewering kom. Maar een van die burgers was só mismoedig dat hy nooit verwag het sy versoek

sal gestuur word nie, en daarom het hy nie daarvoor gewag nie. Hy het geglo hy is dit nie werd nie. Hulle vat hom toe na die koning se stoorkamer, en tot sy verbasing is daar talle pakkies met sy naam en adres op. Dit het onafgelewer teruggekom, want hy was nooit tuis om dit te ontvang nie. Daar was die kleed van lof, die olie van blydskap, oogsalf … Toe leer die man wat Miga gesê het: *Maar ek sal vertrou op die Here, ek sal wag vir die God wat my red. My God sal my gebed verhoor.*

Wag op gebedsverhoring is ’n belangrike deel van wag. ’n Heilige, blye verwagting is die kern van ware wag; nie net vir al die versoeke wat ’n gelowige maak nie, maar ook vir die een versoek wat die belangrikste in jou hart behoort te wees: dat die lewe van God volle seggenskap in jou hart sal hê. Dat Christus se beeld in jou tot volmaaktheid sal kom en jy vervul sal wees met die volheid van God. Gelowiges vra dit selde – dikwels omdat hulle nie glo dit is moontlik nie. Maar juis dit is waarvoor jy moet vra en wat jy kan verwag, want God kan en wil dit in jou werk.

Maar – God moet dit doen. Daarom noem Miga God drie keer in die een vers. *Maar ek sal vertrou op die Here, ek sal wag vir die God wat my red. My God sal my gebed verhoor.* Jy moet op Hom wag, Hom vertrou in die seker wete dat Hy jou sal verhoor.

God sê: *Wees stil en weet Ek is God!* (Psalm 46:11 NLV) Dit is nie die stilte van die graf nie. Dis die rus in Christus se oorwinning oor graf en dood, in sy opstanding en verlossing. Wees stil, dat God jou lewe kan oorneem.

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand



© Bybelkoerant 2018 – 2026